

Die laaste avontuur? 'n Bespreking van die Woeste Land-tema in *Queste del Saint Graal*

Alettie van den Heever

Alettie van den Heever, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Binne die Arturiaanse letterkunde vind die soektognarratief by uitstek neerslag in die graalromans. 'n Ondersoek na die Woeste Land-tema in *Queste del Saint Graal* dui daarop dat hierdie roman daarop gemik was om 'n einde te bring aan die avonture en hoofse ridderskap wat die soektognarratief in die meeste ander Artur-romans gedryf het. In hierdie roman word die Heilige Graal deur die goddelik-geïnspireerde ridders gevind, terwyl die hoofse ridders hulle in 'n Woeste Land, gekenmerk deur avontuurloosheid, bevind. Die samesteller van die Middelnederlandse *Lancelotcompilatie* wou – soos talle ander skrywers – egter nie toelaat dat die Arturiaanse genre 'n voortydige dood sterf nie. Hy fnuik die skrywer van *Queste del Saint Graal* in sy doel: 'n vertaling en versbewerking van *Queste del Saint Graal – Queeste vanden Grale* – word die vierde in 'n reeks van tien ridderromans. Aan die einde van *Queste del Saint Graal* word die Heilige Graal in die hemel opgeneem en nooit weer op die aarde gesien nie. Net soos die skrywer egter misluk het in sy poging om 'n einde aan die ridderroman te bring, het hy ook daarin misluk om vir latere skrywers voor te skryf oor die ewige woning van die Heilige Graal. Die graal is intussen in boeke en films weer gevind en soms net daarna weer verloor. Dikwels is dit nooit gevind nie, as simbool van die mens se soeke na betekenis of individuasie of die ontwyking van voleinding. Te midde van ons moderne Woeste Land of "Waste Land", dryf dit as simbool én as relikwie steeds talle soektogte.

Trefwoorde: graal; Heilige Graal; soektognarratief; Arturiaanse letterkunde; Woeste Land; Waste Land; *Queste del Saint Graal*; *Lancelotcompilatie*; *Queeste vanden Grale*

Abstract

The last adventure? A discussion of the Waste Land theme in *Queste del Saint Graal*

The writer of the Medieval grail romance, *Queste del Saint Graal*, finds himself in the company of many an Arthurian romance writer when he sets out to edify and instruct the reader with his text. The nature of his edifying message is, however, not typical of the chivalric romance. The message of *Queste del Saint Graal* is a religious one: courtly knighthood leads to perdition, while religious knighthood leads to success in the quest for the Holy Grail. In this article I want to trace how the development of the Waste Land theme in this romance is used not only to promote religious or spiritual knighthood, but also to write the finale of the Arthurian genre. Consequently I want to show how this attempt by *Queste del Saint Graal's* writer was thwarted by the compiler of the Middle Dutch *Lancelotcompilatie*. In the *Lancelotcompilatie* an adaptation of *Queste del Saint Graal*, *Queeste van den Grale*, is the third of three grail romances and only the fourth of ten Arthurian romances. While *Queste del Saint Graal* was supposed to give a final glimpse of the Holy Grail and

bring the knightly adventures of the romance to an end, it becomes part of the foreword to man's centuries long fascination with this very cup and just another literary quest.

To frame this discussion I start by giving an overview of the history of the grail, focusing more on grail literature than on speculations about the grail as artefact or symbol. The basic story of the grail (as it appears in Medieval literature) is built on the premise that a mysterious and life-sustaining object or vessel is guarded in a castle that is difficult to find. The owner of the castle (usually called the Maimed King or Fisher King) is either lame or sick and the surrounding land is barren. It falls upon a knight to heal the king and restore the land by first finding the castle and then asking the right question when he sees a mysterious procession (Wood 2000:170). In Chrétien de Troyes's seminal grail text, *Le Conte du Graal* (circa 1190), we encounter the grail as part of this mysterious procession.

In the work of (among others) Robert de Boron we are given a prologue to this basic premise. In *Joseph d'Arimathie* and *Merlin* (written between circa 1191 and 1200) Boron introduces central themes into the history of the (now) Holy Grail: the supposition that the Grail is the vessel from which Christ drank during the Last Supper and in which Joseph caught Jesus' blood after the crucifixion, the idea of a family that has to guard the Grail and that is privy to its mysteries and the presence of the Fisher King (Wood 2000:172, Matthews 2006:57–58).

The Round Table at Camelot is the third Grail Table, instituted by Merlin. This is the setting where the Grail makes an appearance, nourishing everyone present with the food they most crave. The knights thereupon commit themselves to go in search of the Grail. In the quest that follows, five knights play a central role: Gawain, Lancelot, Perceval, Galahad and Bors. The two first-mentioned do not succeed in their quest. The last three do, with Galahad being the chosen Grail Knight (Matthews 2006:10–11).

One of the most important works within Medieval romances, especially in prose form, was the *Lancelot-en-prose* (circa 1215–1230), of which many signatures exist. This cycle consists of three parts: *Lancelot propre*, *La Queste del Saint Graal* and *La Mort de Roi Artu*. (Wood 2000:173; Janssens 1985:22). It was translated and adapted into Middle Dutch at least three times (Besamusca and Postma 1997:5; Van Oostrom 1992:74; Draak 1977:223). One of these translations is a verse adaptation, the *Lancelotcompilatie*, an omnibus of Arthurian romances in which an additional seven romances have been added to the original trilogy. *Lanceloet* is followed by *Perchevael* (for the most part based on *Le Conte du Graal*) and *Moriaen*. *Queeste vanden Grale* is the fourth romance in the compilation, followed by *Wrake van Ragisel*, *Ridder metter mouwen*, *Walewein ende Keye*, *Lanceloet en het hert met de witte voet* and *Torec*. *Arturs doet* is the last in the omnibus.

Following the contextualisation of the grail in Medieval literature, specifically in Middle Dutch literature, the attention is turned to the theme of the Waste Land. In this regard I am indebted to Roel Zemel (1996), who discussed the Waste Land theme in two of the grail romances incorporated into the *Lancelotcompilatie*: *Le Conte du Graal* and *Moriaen*. In *Le Conte du Graal* the Waste Land is a world that has become familiar with violence and destruction because of courtly knighthood (Zemel 1996:303). As an answer to this spiritual Waste Land the courtly knighthood is transcended by a spiritual knighthood and the grail is revealed to be a holy object (De Troyes 1991:460). In *Moriaen* the Waste Land is grounded in worldly injustices: the abuse of feudal power and the poverty that people suffer because of it (Zemel 1996:311).

In the third of the grail romances in the *Lancelotcompilatie*, *Queste del Saint Graal* (hereafter *Queste*), the link between the Waste Land and the mysteries of the Grail is brought to a head. The Waste Land functions almost exclusively on a spiritual plane and it is presented as a sinful life which is compared to the path to hell (see Matarasso 1969:171). The knights who are committed to the quest for the Grail because of their love of adventure, are presented as unworthy and inhabitants of this spiritual Waste Land.

What is more, their quest is characterised by a complete lack of adventure. In contrast to this, Galahad, also called the Good Knight, experiences many adventures: "He met there with many adventures, which he brought to an end, and which the story passes over, forasmuch as it would be too great a task to relate them one by one" (Matarasso 1969:207). The important thing to notice is that Galahad brought an end to all his adventures: the knighthood which he represents is not set on finding worldly adventure, but on bringing an end to it. At Arthur's court a lady says, "This feat proves him [Galahad] the one who shall bring the adventures of Britain to their close and restore the Maimed King to health" (Matarasso 1969:30).

On a metatextual level Galahad's role as knight can be interpreted meaningfully: not only is he a manifestation of the writer's disregard for courtly knighthood, but he is also the messenger bearing the news that the Arthurian genre has come to an end with the successful completion of the quest and the disappearance of the Grail into heaven. After all, with the adventures of Britain brought to a close, how can there be any more adventures for the knights of the Round Table?

Within *Lancelot-en-prose*, *Queste's* writer's death wish for the Arthurian genre was in some way executed: *Queste* is followed directly by *Mort le Roi Artu*. The most explicit example of how his wish was thwarted is found in the *Lancelotcompilatie*. Not only did the compiler insert five romances between *Queeste vanden Grale* and *Arturs doet*, his translation of *Queste* also shows either a lack of understanding of or disregard for the complexity with which spiritual and doctrinal issues are presented (Janssens 1985:47). Taking into account that the compiler could not have wanted spiritual or religious knighthood to replace courtly knighthood – such an implication would have robbed the rest of the *Lancelotcompilatie* of any integrity – a more superficial representation of religious knighthood makes sense.

The compiler of the *Lancelotcompilatie* was not the only one unwilling to let a good story come to an untimely end. He made sure that an unworthy knight like Gawain (Gauvain in French, Walewein in Dutch) experienced many more adventures after he left the spiritual Waste Land of *Queeste vanden Grale*; he is, after all, the main character in *Walewein ende Keye*. Subsequent philosophers, psychologists, writers and filmmakers have refused to leave the grail in heaven. The grail in its modern manifestations is still linked to a Waste Land. In many modern adaptations and interpretations of the grail myth – the most famous example being T.S. Eliot's "The Waste Land" – we see the potential of this myth to express humanity's craving for meaning.

Keywords: grail; Holy Grail; quest narrative; Arthurian literature; Waste Land; *Queste del Saint Graal*; *Lancelotcompilatie*; *Queeste vanden Grale*

1. Inleiding

Caesarius van Heisterbach vertel hoe 'n paar jong monnike tydens die aandprediking ingedommel het. Sommige het blykbaar selfs hoorbaar gesnork. Ab Gevardus (ab van Heisterbach, circa 1200) onderbreek toe sonder waarskuwing sy preek: "Luister, broers, luister! Ek wil julle iets nuuts en groots vertel. Daar was eendag 'n koning genaamd Artur." Tot groot verontwaardiging van die ab skrik die slapende broers plotseling wakker. Waarop hy nie anders kan as om met verwyt teenoor sy broers se godsdienstige oppervlakkigheid te reageer nie: "Kyk, broers, wat 'n groot ellende! Toe ek oor God praat, slaap julle ..." (Janssens 1985:13–4; Van Oostrom 1992:33).

In die Middeleeuse graalroman *Queste del Saint Graal* bou die skrywer voort op 'n tradisie waarin die bekoring van die Arturiaanse ridderroman gebruik is om politieke en opvoedkundige boodskappe te verpak. Die boodskap van *Queste del Saint Graal* is 'n godsdienstige een: hoofse ridderskap lei tot die verderf, terwyl godsdienstige ridderskap tot sukses in die soektog na die Heilige Graal lei. Die skrywer, net soos ab Gevardus, gebruik die Artur-gegewe onder andere om sy leser/toehoorder se aandag te kry. Net soos die ab het die skrywer egter ook 'n afkeer van die belangstelling in hierdie aardse avonture: hy beeld hoofse ridderskap en die ridderroman uit as 'n manifestasie van die dorre streke van spiritualiteit.

In hierdie artikel wil ek nagaan hoe die tema van die Woeste Land¹ in *Queste del Saint Graal* uitgewerk word en hoe dit nie net gebruik word om 'n godsdienstige of spirituele ridderskap as alternatief te promoveer nie, maar ook om die einde van die ridderroman te bewerkstellig. Daarna wil ek wys hoe die skrywer van *Queste del Saint Graal* in sy doel gefnuik is deur die samesteller van die Middelnederlandse *Lancelotcompilatie*. In laasgenoemde versameling is 'n bewerking van *Queste del Saint Graal*, *Queeste vanden Grale*, die derde van drie graalromans en slegs die vierde van tien ridderromans. Wat dus veronderstel was om die "finalé" van 'n genre te wees, word 'n voorbeeld van hoe die literêre soektog hom nie laat voorskryf nie. Wat verder veronderstel was om die laaste sien van die Heilige Graal te wees, word deel van 'n voorwoord tot die mensdom se eeue lange betowering met dié einste beker.

Vervolgens sal die agtergrond vir hierdie bespreking geskets word deur die verskynsel van die graal en die deurlopende Woeste Land-tema in die Middeleeuse graalromans onder die loep te neem. Daarna sal die samestelling van die *Lancelotcompilatie* oorsigtelik bespreek word. Die tematiek rondom die Woeste Land in die ander twee graalromans in die versameling, *Le Conte du Graal* en *Moriaen* is reeds breedvoerig deur Roel Zemel in sy artikel, "Moriaen en Perceval in 'Waste Land'" (1996), bespreek.² Ek gaan kortliks na sy ontleding verwys voordat ek die aandag na *Queste del Saint Graal* en *Queeste vanden Grale* keer.

2. Die misterie van die graal

In bespiegelings oor die oorsprong en betekenis van die verskynsel van die graal word onder andere Keltiese mites, die Eucharistiese rites van die Oosterse Christendom, antieke mistieke godsdienste, Jungiaanse argetipiese reise, skatte van die Tempelridders en die nageslag van Christus en Maria Magdalena betrek (Wood 2000:169).

Alhoewel daar geen deurlopend konsekwente “graalstorie” is nie, sou ’n mens die mees algemene storielyn soos dit in die Middeleeuse graalromans voorkom, as volg kan opsom: ’n Geheimsinnige en lewensonderhoudende houer of voorwerp word in ’n kasteel wat moeilik te vind is, bewaar. Die eienaar van die kasteel (wat dikwels die “Visserkoning” genoem word) is óf verlam óf siek en meestal is die omliggende grond onvrugbaar. Die eienaar kan genees word slegs indien ’n ridder die kasteel vind en, nadat hy ’n geheimsinnige optog gesien het, die regte vraag vra. As hy misluk in hierdie taak – wat meestal die geval is – moet die soektog van vooraf begin. Die jong held beleef verskeie avonture (wat hy meestal nie verstaan nie) voordat hy weer by die kasteel uitkom en die vraag vra wat die koning genees en die grond tot vrugbaarheid herstel. Die ridder volg die verlamde of siek koning op en word bewaarder van die kasteel en sy inhoud (Wood 2000:170).

Hierdie storielyn stem dan ook grootliks ooreen met die wyse waarop die graalmotief vir die eerste keer in die Middeleeuse Arturiaanse tradisie neerslag vind. *Le Conte du Graal* (circa 1190) word gesien as die seminale graalteks (Marino 2004:15) en is geskryf deur Chrétien de Troyes, die vader van Arturiaanse letterkunde soos dit vandag aan ons beskikbaar is (Kibler 1991:1). In latere literatuur word die motief van die graal uitgebou sodat dit as mite en simbool die gewildheid van die Arturiaanse genre sou oorleef. Waar Chrétien *graal* met ’n kleinletter gespel het (verwysend na ’n misterieuse, vlak opskepskottel), is dit in die volgende graalromans verhef tot die “Graal” of die “Heilige Graal” (Matthews 2006:68). Behalwe enkele uitsonderings (latere vertalings, moderne aanpassings uitgesluit) verskyn die meeste van die graalliteratuur binne die bestek van ’n eeu ná die skryf van *Le Conte du Graal* (Wood 2000:170).

As gevolg van die onvoltooidheid van Chrétien se laaste roman – *Le Conte du Graal* eindig in die middel van ’n sin – het daar vier vervolgstories, die sogenaamde *Continuations*, verskyn (Kibler 1991:495). Hierin word elemente van die geheimsinnige optog wat in die kasteel gesien word, meer as een maal as relikwieë van die Christus-verhaal verduidelik. So byvoorbeeld is die bloeiende lans dié van Longinus waarmee Christus se sy ná die kruisiging gestee is, terwyl die graal aan Josef van Arimatea behoort het (Wood 2000:171). Na alle waarskynlikheid is hierdie gegewe gebaseer op die werk van Robert de Boron, ’n Switserse of moontlik Boergondiese ridder, wat tussen circa 1191 en 1200 *Joseph d’Armathie* en *Merlin* geskryf het (Wood 2000:172; Matthews 2006:57). Daar bestaan selfs die moontlikheid dat Robert reeds voor die verskyning van *Le Conte du Graal* besig was met *Joseph d’Armathie* (Matthews 2006:57). In laasgenoemde roman word sentrale temas in die geskiedenis van die (nou) Heilige Graal bekendgestel: die idee van ’n familie wat die graal moet bewaar en toegang tot die geheimenisse van die graal het; die teenwoordigheid van die Visserkoning; die veronderstelling dat die graal die houer is waaruit Christus by die Laaste Avondmaal gedrink het en waarin Josef Jesus se bloed ná die kruisiging opgevang het (Matthews 2006:57–8).

Robert se verduideliking van die oorsprong van die graal is met verskillende agendas en doelstellinge in gedagte in ander Arturiaanse romans aangepas en uitgebrei. In *Merlin* het Robert byvoorbeeld self die weg gebaan om die verbintenis tussen die tafel van die Laaste Avondmaal en die Ronde Tafel van Artur en sy ridders aan te dui (Wood 2000:172). Jacob Maerlant het ’n gedeelte van ’n Franse prosaverwerking van De Boron se werk in Middelnederlands vertaal en bewerk (Draak 1979:104). Lodewijk van Velthem – wat ook Maerlant se *Spiegel historiael* voltooi het – moes ’n volledige handskrif van *Estoire de Merlin* in die hande gekry het, want hy voltooi die *Graal-Merlijn* in 1326. Hy het in dieselfde jare aan die *Lancelotcompilatie* gewerk (Van Oostrom 2013:52, 57).

Die geskiedenis van die graal soos dit in breë trekke in die Middeleeuse Artur-romans neerslag gevind het, kan soos volg opgesom word: Jesus se liggaam word na die kruisiging in die sorg van Josef van Arimatea (in sommige weergawes Jesus se oom) toevertrou. Volgens sommige bronne was Josef in besit van die beker waaruit Jesus by die Laaste Avondmaal gedrink het. Terwyl Jesus se liggaam gereed gemaak word vir die graf, vloei daar bloed uit sy wonde wat deur Josef in dié beker opgevang word. Ná Jesus se opstanding word Josef daarvan beskuldig dat hy Jesus se liggaam gesteel het. Hy beland in die tronk, waar Christus aan hom verskyn, die beker aan hom toevertrou, hom bekendstel aan die viering van die Nagmaal, en die geheimenisse van die menswording aan hom openbaar. Hierna word Josef aan die lewe gehou deur die heilige hostie wat 'n duif elke dag in die beker kom los. Wanneer Josef uiteindelik vrygelaat word (circa 70 n.C.), sluit sy suster en haar man, Bron, asook 'n paar volgelinge, hulle by hom aan. Die Eerste Graaltafel word as 'n voorstelling van die tafel van die Laaste Avondmaal ingestel. Alhoewel daar dertien sitplekke is, moet die dertiende sitplek oopgehou word, óf as 'n teken van Christus se plek óf vir Judas. Wanneer iemand van die geselskap daarop sit, verdwyn hy en die sitplek word voortaan die Gevaarlike Sitplek ("Vreesselike Sitten" in die *Lancelotcompilatie*) genoem. Die graal word hierna na Brittanje geneem – in sommige weergawes deur Josef self wat die eerste Christelike kerk in Glastonbury stig; in ander deur Bron of een van sy nageslag. In laasgenoemde weergawes neem Bron – bekend as die Ryk Visserman nadat hy 'n hele geselskap met een vis gevoed het – die graal na Avaron, waar hulle vir die koms van die derde Graalbewaarder wag. Hierna word die graal na die Berg van Redding (Muntsalvache) geneem, waar 'n orde van graalridders tot stand kom om die graal te dien en te beskerm. Hier word die Tweede Graaltafel ingestel en die graalridders neem deel aan 'n maaltyd wat deur die graal verskaf word. Nie lank daarna nie word die Graalkoning (vroeër die bewaarder) 'n misterieuse wond toegedien. Hy word dan bekend as die Verminkte of Gewonde Koning en die landskap rondom die Graalkasteel word 'n Woeste Land – 'n toestand wat eksplisiet met die Graalkoning se wond verbind word (Matthews 2006:8–9; vgl. ook Wood 2000:172).

Binne hierdie basiese gegewe word vier voorwerpe of relikwieë gewoonlik met die Graalkasteel verbind: die lans of spies wat die Graalkoning gewond het (en wat in sommige weergawes nou geassosieer word met Longinus se lans); 'n swaard wat op 'n kritieke punt breek en weer heelgemaak moet word; 'n vlak skottel of klip; en natuurlik die beker of graal self. Hierdie elemente word op verskeie wyses in die soektog na die graal ingewef en is bepalend in die sukses van die soekende ridders (Matthews 2006:9–10).

Die Derde Graaltafel word in Camelot deur die towenaar Merlyn ingestel: Dit is die Ronde Tafel waaraan koning Artur en sy ridders sit. Tydens Pinkster maak die graal 'n verskyning en voed elke teenwoordige na sy begeerte. Die ridders verbind hulle dan daaraan om die graal te gaan soek. In die avonture wat volg, is daar vyf ridders wat sentraal staan: Gawain, Lancelot, Perceval, Galahad en Bors (in die Nederlands is Gawain en Bors onderskeidelik Walewein en Bohort). Net Perceval, Galahad en Bors slaag in die soektog. Lancelot misluk as gevolg van sy verhouding met koningin Guinevere. Gawain word uitgebeeld as te wêrelds. Galahad is die ridder wat uitverkore is om op die Gevaarlike Sitplek te sit en in Sarras, die heilige stad of Graalstad, begrawe te word. Perceval mag wel die graal sien en die spies gebruik om die Gewonde Koning te genees, maar hy moet terugkeer na die Graalkasteel, waar hy die rol van bewaarder oorneem. Bors, wat ook die graal in Sarras gesien het, is die enigste een wat terugkeer na Camelot om die gebeure oor te vertel. 'n Laaste soeker wat die drie ridders vergesel, Dindrane, Perceval se suster, gee haar lewe vir 'n ander en word langs Galahad in die Graalstad begrawe. (Soos opgesom in Matthews 2006:10–1.)

3. Die Woeste Land as tema in die graalromans

Soos reeds genoem, word die Graalkasteel (in sommige weergawes die kasteel van die Visserkoning) deur 'n Woeste Land omring. Aangesien 'n groot gedeelte van die soektog na die graal dus in hierdie Woeste Land afspeel, is dit nie verrassend dat die Woeste Land, "Waste Land", of "la terre gaste", een van die deurlopende temas in die graalromans geword het nie (sien Zemel 1996;³ Matthews 2006:46).

In die verskillende graalromans word hierdie Woeste Land verskillend ingekleur, soos later in meer besonderhede gesien sal word. Op hierdie punt wil ek egter een ter sake teks betrek wat nie binne die *Lancelotcompilatie* neerslag gevind het nie. Die *Elucidation de l'histoire du Graal* (circa 1220–1225) word aangebied as 'n voorloper tot *Le Conte du Graal* (Matthews 2006:43–4) en staan dan ook as die *Elucidation Prologue* bekend (Wood 2000:173). In hierdie verhaal word vertel hoe die ryk land van Logres (Brittanje) tot 'n val kom (Matthews 2006:44) wanneer twaalf fonteinmeisies verkrag en hulle goue bekers gesteel word. Die meisies, wat in die fontein gewoon en reisigers van versterking uit hulle goue bekers voorsien het, verdwyn. Ook die hof van die Visserkoning kan nie meer gevind word nie en die koninkryk word 'n dorre streek, 'n Woeste Land. Dit word dan aan die Ridders van die Ronde Tafel oorgelaat om die hof van die Visserkoning te vind en die koninkryk te herstel (Matthews 2006:44; Wood 2000:173).

In hierdie verhaal word 'n antieke tema in die Keltiese tradisie geëggo, naamlik dat fonteine bewaak word deur priesteresse wat die weg tussen die wêreld moet oophou. Verder moet hulle die dieper geheimenisse verwoord en profesieë verskaf aan diegene wat op soek is na die goddelike houër (Matthews 2006:47). Teen hierdie agtergrond maak dit des te meer sin dat hulle verkragting ook tot die verminking van die land aanleiding gegee het – die verbintenis tussen die alledaagse en die heilige, die mens en die aarde, wat hulle moes bewaak, is geskend (Matthews 2006:46–7). Wat hiermee saamhang, is die verdwyning van die Visserkoning se hof. In die Keltiese tradisie word die koning en die land(skap) so nou met mekaar geassosieer dat die welstand van die een ook die ander beïnvloed (Matthews 2006:46).

In die *Elucidation* tref ons nie die graal in sy meer bekende vorm aan nie. Tog sien ons hoe die soektog na die Visserkoning se hof 'n poging is om 'n einde te bring aan die Woeste Land wat op die diefstal van die fonteinmeisies se goue bekers gevolg het. In hierdie opsig sou dit dus wel gesien kon word as 'n (terugskouende) vooruitwyser na die wyse waarop die soektog na die graal binne die Woeste Land-tema sou funksioneer.

Die geheimenisse van die graal is nie vir almal beskore nie. Net soos die wonder van die fonteinmeisies se goue bekers saamgehang het met die rol wat hulle ten opsigte van die fontein en reisigers gespeel het, so sal die misterie van die graal net aan uitverkore ridders onthul word. Die voltooiing van die soektog is dus nie net betekenisvol vir die genesing van die Visserkoning en die herstel van die land nie, maar ook omdat dit onderskei tussen die waardige en onwaardige soekers. Draak (1979:104) wys daarop dat die graal volgens De Boron se voorstelling daarvan 'n toetsmiddel is om ware gelowiges van sondaars te onderskei. Die graal onderskei dus tussen diegene wat hulle in 'n spirituele Woeste Land bevind en diegene wat die groene weivelde van geestelikheid bewandel.

4. Die samestelling van die *Lancelotcompilatie*: Agtergrond en oorsig

Vanaf die begin van die 1200's het die prosavorm al hoe meer gereeld in die Arturiaanse literatuur begin opduik.⁴ Chrétien se graalroman word in prosavorm opgeneem in die belangrikste werk binne hierdie nuwe tendens, naamlik die sogenaamde *Lancelot-en-prose* (circa 1215–1230). Laasgenoemde siklus bestaan uit drie dele: die *Lancelot propre*, *La Queste del Saint Graal* en *La Mort le Roi Artu* ("Die dood van koning Artur") (Wood 2000:173; Janssens 1985:22; vgl. Draak 1977:193).

Die *Lancelot-en-prose* (waarvan daar talle handskrifte bestaan) word minstens drie maal (maar dalk selfs tot vyf maal) in Middelnederlands vertaal en bewerk (Besamusca en Postma 1997:5; Van Oostrom 1992:74; Draak 1977:223). Die oudste vertaling is dié van *Lantsloot vander Haghedochte* (circa 1260), 'n vryeversbewerking van *Lancelot-en-prose* (Janssens 1985:25; sien ook Draak 1977:218–23). Die ander twee vertalings is albei uit die 14de eeu. Die een is in prosavorm en het in die Rotterdamse fragmente bewaar gebly (Draak 1977:202). Die ander is die *Lancelotcompilatie*, 'n omnibus van Artur-romans waarin daar nog sewe romans by die oorspronklike trilogie gevoeg is (sien ook Besamusca en Postma 1997:6).

Van die *Lancelotcompilatie* word die enigste oorblywende handskrif onder signatuur 129A in die Koninklijke Bibliotheek in Den Haag bewaar. Die eerste boek van die oorspronklike versameling ontbreek (Besamusca en Postma 1997:12; vgl. Van Oostrom 2013:59).⁵ Hierdie handskrif is tussen 1320 en 1325 deur vyf kopiïste oorgeskryf. Soos reeds aangevoer, het Lodewijk van Velthem 'n belangrike rol in die totstandkoming van hierdie versameling gespeel (sien ook Janssens 1985:25). Of hy die samesteller was, is steeds onseker. Sommige teorieë wil dit hê dat die samesteller eerder kopiïst B was; ander sê dat kopiïst B en Van Velthem een en dieselfde mens was (Besamusca 1999:7–10). Van Oostrom (2013:57) skryf byvoorbeeld juis die wisselvallige styl van die *Lancelotcompilatie* aan Van Velthem se onstabiele temperament toe. Wat egter wel seker en vir ons van belang is, is dat die samesteller 'n baie belangrike rol in die oorgange wat die afsonderlike romans tot 'n geheel saambind, gespeel het (Besamusca en Postma 1997:8; Besamusca 1999:7–10; Janssens 1985:26).

Die *Lancelotcompilatie* bestaan uit altesaam tien romans. Die berymde vertalings van die *Lancelot-en-prose* staan as die kerntekste bekend (Besamusca en Postma 1997:8). Hierdie drie tekste – *Lanceloet*, *Queeste vanden Grale* en *Arturs doet* – is egter aangevul. Ná *Lanceloet* is *Perchevael* (bestaande uit 'n fragmentariese bewerking van 'n Middelnederlandse vertaling van *Le Conte du Graal* en die eerste gedeelte van die eerste *Continuation*) en *Moriaen* ingevoeg. Daarna kom *Queeste vanden Grale* aan die beurt. Ná *Queeste* en voor *Arturs doet* is nog vyf ridderromans ingevoeg: *Wrake van Ragisel*, *Ridder metter mouwen*, *Walewein ende Keye*, *Lanceloet en het hert met de witte voet* en *Torec* (Janssens 1985:26; Besamusca 1999:11).

5. Woeste Land-tematiek in *Le Conte du Graal* en *Moriaen*: 'n Opsomming van Zemel (1996) se bevindinge

In *Le Conte du Graal* word die ontwikkelingsgang van Perceval van onwetende seun, tot hoofse ridder, tot religieus-ingestelde ridder uitgebeeld (vgl. Zemel 1996:298–9). Die graal verskyn vir die eerste maal wanneer Perceval tydens een van sy omswerwinge by die verlamde Visserkoning tuisgaan. Tydens sy besoek sien Perceval hoe 'n seun 'n lans – met

'n druppel bloed aan die punt daarvan – en 'n meisie 'n graal ronddra. Perceval vra egter nie na die betekenis van die lans en die graal nie en laat sodoende 'n kans om die Visserkoning te genees, deur sy vingers glip (De Troyes 1991:420–5). Die graal as simbool het iets te make met 'n hoë etiek as die “chevalerie” en “amour” van die hoofse ridderskap. Perceval se nalatigheid om na die betekenis van die graal te vra dui daarop dat hy nog nie aan hierdie hoë etiek voldoen nie. Alhoewel Chrétien se verhaal van Perceval nooit voltooi is nie, dui die geestelike inkering en boetedoening wat aan die einde plaasvind, daarop dat Perceval 'n vlak van ridderskap bereik het wat nie vir die ander belangrike karakter in *Le Conte du Graal*, Gawain (Walewein), beskore was nie. (Sien Zemel 1996:299–301.)

In *Le Conte du Graal* word die hoofse ridderskap dus deur 'n (ver)geestelik(t)e, godsdienstige ridderskap getransendeer. Die Woeste Land wat hier aangetref word, is 'n wêreld wat as gevolg van hoofse ridderskap deur geweld en vernietiging geteister word (Zemel 1996:303). Op geestelike vlak bevind Perceval hom ook in 'n Woeste Land voordat hy tot inkeer kom tydens sy besoek aan sy oom, die kluisenaar, op Goeie Vrydag. Dit is dan ook as gevolg van sy besluit om in die eerste plek ridder te word – en die gevolglike dood van sy moeder wat hom as sonde toegereken word – dat hy nie tydens sy besoek aan die Visserkoning na die betekenis van die lans en die graal vra nie (De Troyes 1991:459). Die kluisenaar openbaar die heilige status van die graal (De Troyes 1991:460) en baan sodoende die weg vir latere verduidelikings van die betekenis van die graal as 'n Christelike relikwie. In *Queste del Saint Graal* sou die Christelike ondertone tot hoofmotief uitgebou word.

'n Ander rigting word egter in *Moriaen* ingeslaan. Soos reeds genoem, is *Moriaen* die derde boek in die *Lancelotcompilatie* en gaan dit *Queeste vanden Grale* vooraf. Die hoofkarakter, *Moriaen*, is die seun van 'n Moorse prinses en Agloval. Hy gaan op soek na sy vader, omdat sy moeder haar grond verloor het. Dit het gebeur nadat sy vader haar – onbewus van die swangerskap – met 'n belofte van terugkeer verlaat het. *Moriaen* vind onderweg vir *Walewein* en *Lancelot*. Laasgenoemde twee ridders is op hulle beurt op soek na *Perceval* omdat die Koning sy teenwoordigheid aan die hof mis. Tussendeur die avonture wat volg, vind *Moriaen* sy vader. Hy moet egter eers, saam met die ander ridders van die *Ronde Tafel*, vir *Artur* en sy ryk – wat intussen deur die *Saksers* en die *Iere* ingeval is – gaan red. Soos tydens die vorige avonture, bewys *Moriaen* homself tydens hierdie bevrydingstryd as 'n ridder van buitengewone kaliber. Met die stryd gewonne, neem *Moriaen* sy vader terug na sy geboorteland waar *Agloval* met sy moeder trou. (Sien Zemel 1996:304–5.)

Die samesteller van die *Lancelotcompilatie* het die storie van *Moriaen* oorgeneem by 'n Vlaamse skrywer wat in die tweede helfte van die 13de eeu geskryf het. Alhoewel slegs 'n fragment van hierdie oorspronklike teks oorgebly het, dui inkonsekwentheid in die herskrywing daarvan daarop dat *Perceval* in die oorspronklike *Moriae* die vader van die held was (Zemel 1996:304). Die Vlaamse skrywer het dus aan die maagdelike *Perceval* van die graalromans 'n seun gegee. Deur *Perceval* van sy onskuld te ontnem, het die skrywer seker gemaak dat *Perceval* onsuksesvol in die soektog na die graal sou wees – iets wat die samesteller van die *Lancelotcompilatie* nie kon toelaat nie (Besamusca 2000:216–7).

In *Moriaen* sien ons geen verband tussen die Woeste Land en die geheimenis van die graal nie. Waar die Woeste Land in *Le Conte du Graal* gehul is in 'n “sfeer van misterie”, word die Woeste Land in *Moriaen* met realistiese beelde ingekleur (Zemel 1996:311). Een aspek van hierdie Woeste Land is die misbruik van feodale mag en die armoede waarin mense as gevolg hiervan verkeer. Die hoofse ridder speel 'n belangrike rol in die herstel van die Woeste Land, soos gesien kan word in die karakters van spesifiek *Moriaen* en *Walewein* –

twee wêreldse ridders wat op geen punt 'n religieuse ideaal nastreef nie. As in ag geneem word dat Perceval in die oorspronklike roman die vader van Moriaen is, sou 'n mens *Moriaen* verder kon lees as 'n korrektief en 'n voltooiing van Chrétien se roman: die eens maagdelike graalheld het hom na die wêreld gekeer en in die gestalte van sy seun word die ideaal van hoofse ridderskap voortgesit, terwyl die einde van die wêreld van "chevalerie" en die Artur-romans terselfdertyd afgeweerd word (Zemel 1996:315–6). In hierdie opsig kan die oorspronklike Vlaamse *Moriaen* dus as 'n antigrailroman gesien word (vgl. Zemel 1996:315).

6. Woeste Land-tematiek in *Queste del Saint Graal*

In my bespreking van die Woeste Land-tema in *Queste del Saint Graal* gaan ek gebruik maak van *The Quest of the Holy Grail* (1969), 'n betreklik onlangse Engelse vertaling, deur P.M. Matarasso, van die oorspronklike anonieme Oudfranse teks. Die rede hiervoor is soos volg: ek probeer juis aandui dat die oorspronklike teks 'n spesifieke doel gehad het, wat by uitstek in 'n bespreking van die Woeste Land-tema na vore kom. Die samesteller van die *Lancelotcompilatie* en vertaler/berymer van *Queeste vanden Grale* het hierdie doel in 'n groot mate gefnuik (soos uiteengesit in afd. 8). Alhoewel die Middelnederlandse vertaling dus ter sprake sal kom, sal dit nie die fokus van die bespreking wees nie. Indien die teksgedeelte in die Engelse en Middelnederlandse weergawes in terme van lengte ooreenstem, gee ek wel die Middelnederlandse beryming in blokaanhalings.

In *Queste del Saint Graal* (vervolgens *Queste*) begin die soektog na die graal met die koms van die uitverkore graalheld, Lancelot se seun, Galahad, aan Artur se hof. Al die ridders van die hof besluit om op soek te gaan na die graal nadat dit tydens 'n maaltyd aan hulle verskyn het. Sukses in die soektog is egter vir net drie ridders beskore: Galahad, Perceval en Bors. Hierdie drie ridders is bereid om hul ridderskap ten volle in die diens van God te stel. Nadat hulle die graal gevind het, skei die drie se paaië weer. Perceval word kluisenaar en sterf twee jaar later. Bors keer terug na Artur se hof. Galahad sterf nadat hy die goddelike misterie in die graal gesien het; hy word in die hemel opgeneem, terwyl die graal vir goed van die aarde af verdwyn (Besamusca 1999:13–4).

Soos reeds gesuggereer, word die verband tussen die Woeste Land en die geheimenisse van die graal – waarvan die seminale idee in *Le Conte du Graal* gevind word – in *Queste* op die spits gedryf. Waar *Moriaen* as 'n antigrailroman beskou sou kon word, is *Queste* al 'n "antiromanse" genoem: die verhoog en die spelers is dieselfde as in ander Arturiaanse romans, maar die aanvaarde waardes – soos hoofse liefde en avontuurlustigheid – word omgekeer (Matarasso 1969:15). Die Woeste Land wat hier aangetref word, funksioneer amper uitsluitlik op 'n geestelike of spirituele vlak. Waar dit wel 'n basis in die werklikheid het, word dit deur 'n geestelike gesant met spirituele betekenis gevul.

Vervolgens gaan ek in breë trekke kyk hoe die Woeste Land in *Queste* uitgebeeld word en wat daar teenoor gestel word.

Een van die mees eksplisiete – en poëtiese – verwoordings van die spirituele aard van die Woeste Land word in 'n hermiet se interpretasie van Gawain se droom oor die bulle gevind. Hy het dit oor die ridders van die Ronde Tafel wat op soek gaan na die graal wanneer hy sê:

When they left court they did not go to confession, as men ought who enter the service of Our Lord. They did not walk in humility and patience, signified by the meadow, but wandered

over the moor, the wasteland, taking the way which is barren of flowers and fruit, even the path of hell, the way in which all things are laid to waste and nothing salutary can survive. (Matarasso 1969:171)⁶

Sine spraken hare biechte niet,/ Alsi souden met rechte. Nu siet,/ Die ons heren dienst wilt bestaen,/ Ende met oetmodecheit vort gaen,/ Ende hem ne setten niet mede/ In oetmoet, in gedoechsamhede,/ Die biden mersch getekent scinen,/ Si varen dor heide ende dor wstinen,/ Daer blomen no gers ute gaen,/ Dats ter hellenwaerd, sonder waen. (*Queeste vanden Grale*, <http://www.kb.nl/bladerboek/lancelot>, reëls 6211–20)⁷

Die Woeste Land is dus die sondige lewe wat selfs gelykgestel word aan die pad van die hel.

In terme van die soektog na die Heilige Graal, is die Woeste Land die tuiste van die ridders wat as gevolg van hul sondige lewens geen hoop het om suksesvol in die soektog te wees nie. 'n Hermiet sê vir Lancelot: "So it is with those who have entered on this Quest defiled and soiled with this world's vices, for they will find themselves unable to hold to track or trail, but will wander footloose in outlandish parts" (144). Hierdie "outlandish parts" is egter meer as onbekende terrein; op 'n figuurlike vlak sou dit in verband gebring kon word met die gelykenis van 'n troue wat die hermiet op die soektog na die graal van toepassing maak. Die hermiet sê naamlik dat God die sondiges die tafel van die Heilige Graal sal verbied – "But those whom He shall find there unprovided and lacking their raiment of confession and good deeds He will not welcome in, but will have them cast out from the society of the rest" (145) – en hulle sodoende tot 'n eensame pad sal verdoem.

Die Woeste Land as sondige lewe word in die loop van die roman in meer besonderhede ingekleur. Die Kasteel van die Jonkvroue wat deur Galahad bevry word, word tydens 'n gesprek tussen Gawain en 'n hermiet gelykgestel aan die hel. Die sewe ridders wat daar geheers het, is die sewe doodsondes (79). Die kasteel is 'n figuurlike Woeste Land, "for cruelty is enthroned there and all compassion banished" (72).

Dit blyk egter uit ander avonture, drome en interpretasies dat sekere van die doodsondes meer as ander bydra tot die geestelike dorheid in die Woeste Land. So lyk dit byvoorbeeld asof trots en begeerte of wellus as die dodelikste doodsondes gesien word. Dit is immers as gevolg van hierdie sondes dat die duiwel uit die hemel verban is en ook as gevolg hiervan dat die duiwel dit reggekry het om vir Eva (en sy weer vir Adam) te verlei (122, 131–2). Dit is ook laasgenoemde sondes waarin die jonge Melias verstriek raak nadat sy pad van dié van Galahad skei en hy die linkerkantste pad kies. Oor hierdie pad is die volgende op 'n kruis gegraveer: "The left-hand road thou shalt not take, for he that enters therein must be second to none if he would follow it to the end" (66). Die monnik wat die gebeure vir Melias interpreteer, lê dit soos volg vir hom uit:

In the left-hand road you perceive the way of sinners, which holds dire perils for those who choose it. Because it is far more hazardous than the first the inscription decreed that none should take it unless of uncommon valour, that is to say unless he stood so grounded in the love of Christ that no adventure could tempt him into sin. When you saw the writing you wondered what it could possibly signify; and at once the enemy pierced you with one of his darts. Shall I tell you which? It was the dart of pride, for you thought your prowess would see you through, but reason played you false, for the words referred to a spiritual order whilst you, seeing only the temporal, were filled with pride and fell headlong into mortal sin. (70–1)

Alse dander, verboet die brief boude/ Dat nieman dien wech gaen ne soude,/ Hi ne ware beter dan een ander man./ Du sout dit dus verstaen dan./ Alstu den brief sages besonder/ Hadstu daer af groet wonder/ Wat dat mochte wesen./ Die viant scoet di mettesen/ Met enen scichte. Wetstu waer mede?/ Het was metter hoverdechede./ Bedie du waers wel in wane/ Mettire proveetsen tontgane./ al Dus vieltstu in die hoverdechede,/ Ende dats hoeftsonde mede,/ Want hoverde es tallen stonden/ Beginsel van allen sonden. (2075–90)

Die monnik verduidelik verder dat die vyand die goue kroon gebruik het om Melias in 'n tweede strik te laat val: “[I]n taking [the golden crown] you fell a prey to concupiscence, which made, with pride, two mortal sins” (71).

Die lys van sondes word uitgebrei wanneer die duiwel – in die gestalte van 'n pragtige jonkvrou – vir Perceval op die eiland probeer verlei. Deur die woorde van die jonkvrou word die Woeste Land per implikasie aan haar tuiste en die hel gelyk gestel: “I came from the Waste Forest where I witnessed the strangest adventure imaginable that overtook the Good Knight” (125). Sy slaan 'n tent op waarin sy Perceval probeer verlei en die wyse man lê die betekenis van die tent as volg uit: Die tent is rond en simbool van die wêreld wat nooit vry sal wees van sonde nie – daarom dan dat sy Perceval nie buite die tent wou laat nie. Haar woorde “Perceval, come and rest yourself and sit down until nightfall” verwys daarna dat Perceval hom moet oorgee aan luiheid en aardse plesier en vraatsug. En hy moet op hierdie wyse rus totdat die nag kom, m.a.w. tot sy dood, “which is termed night most aptly whenever it catches unawares a man in mortal sin” (132).

Die spirituele Woeste Land word ook in verband gebring met die lewens van spesifieke ridders wat op soek is na die graal. Een so 'n ridder is Gawain. Sy lewe as hoofse ridder word as 'n Woeste Land uitgebeeld. In die woorde van 'n hermiet:

You were not admitted to the order of chivalry to soldier in the devil's cause thenceforward, but in order to serve our Maker, defend Holy Church and render at last to God that treasure which He entrusted to your safekeeping, namely your soul. To this end were you made a knight, and you, Gawain, have abused your knighthood. For you have been henchman to the enemy, forsaking your Maker and living the worst and most dissolute life that ever a knight lived. (79)

[...] Gine hebt niet gehouden daer bi/ Dordene van ridderscepe om dat gi/ Des vians seriant sijt dan,/ Ne ware dar om dat gi vort an/ Sout bescermen die heilige kerke,/ Ende gi met goeden gewerke/ Onsen Here in u leven/ Den trisoer sout weder geven/ Die u van hem geleverd was,/ Dats die ziele, sijt seker das./ Om dit waerdi ridder gemaect. Dat nu/ Harde qualijc besteet es an u,/ Want gi hebt tot deser ure/ Quaet seriant geweest al dure/ Enten viant gedient in u leven,/ Ende uwen sceppere begeven,/ Ende meer gelegen in onsuverheden/ Dan enech riddere opten dach heden. (2495–512)

Ten spyte van hierdie vermaning sien Gawain nie kans vir boetedoening nie – “[H]e said that the hardships of penance would be more than he could brook” (80) – en bly hy in 'n geestelike Woeste Land rondploeter.

Die meer komplekse voorbeeld van 'n ridder wie se lewe met die Woeste Land-tematiek in verband gebring word, is dié van Lancelot. Lancelot bevind hom in die “Waste Forest” wanneer hy die Heilige Graal sien, maar niks daaromtrent doen nie. 'n Jonkheer wat dit aanskou en dink dat Lancelot slaap, sê: “[I]t is some knight who committed a grave sin, of which he was never shriven, and maybe so offended Our Lord thereby, that He would not

have him witness this high adventure” (84). Reeds hier word die fisiese Waste Forest dus vertaal tot die spirituele Woeste Land waarin Lancelot hom bevind. Nadat die jonkheer en sy ridder weg is, hoor Lancelot ’n stem wat die volgende aantyging teen hom maak: “Lancelot, harder than stone, more bitter than wood, more barren and bare than the fig tree, how durst thou presume to venture there where the Holy Grail abides? Get thee hence, for the stench of thy presence fouls this place” (85). Die beskrywende woorde wat gebruik word – “hard”, “bitter”, “barren and bare” – herinner aan ’n Woeste Land. Die gebruik van hierdie woorde word deur ’n hermiet aan Lancelot verduidelik, met as verwysing die vyeboom wat deur Jesus Christus vervloek is:

The Lord Most High found leaves on the tree when he approached, that He might have taken had He wished. But when the Holy Grail came there where you were lying, it found you barren even to the want of every right thought and all good intent; foul and besmirched and polluted with lust did it find you, and denuded of leaves and flowers, which is to say of all good works; it was on this account that you were upbraided later in the terms you told me. (93)

Die verskil tussen Gawain en Lancelot is hulle reaksies op die veroordeling van hulle lewens. Waar Gawain die breë pad van aardse ridderskap aanhou volg, vind daar ’n inkeer by Lancelot plaas. Hy ly as gevolg van selfverwyte en die wete dat hy God se toorn ontlok het (86). Sy diepe begeerte om die Heilige Graal te aanskou, inspireer hom tot boetedoening en ’n voorneme om hom nooit weer skuldig te maak aan die doodsonde van wellus waaraan hy hom in sy omgang met Guinevere oorgegee het nie. Hy verwoord insig in sy sondige lewe wanneer hy sê: “And I have gone to my death down that wide road which at the outset seems so smooth and honeyed and is the portal and the path of sin. The devil showed me the sweets and the honey, but he hid from my eyes the everlasting woe that lies in store for him who treads that road to its end” (88). Hy sien dus sy sondige lewe as gevul met “everlasting woe”. Alhoewel Lancelot nie die eer gegun word om die soektog na die graal suksesvol af te handel nie, kry hy wel die kans op ’n kykie – waarna hy vir 24 dae van sy sig en sy krag ontnem word. In sy eie woorde:

I have seen such glories and felicity that my tongue could never reveal their magnitude, nor could my heart conceive it. For this was no earthly but a spiritual vision. And but for my grievous sins and my most evil plight I should have seen still more, had I not lost sight of my eyes and all power over my body, on account of the infamy that God had seen in me. (264)

Ende hi seide: "Here van hemelrike,/ Twi weckestu mi so hastelike?/ Bedie ic was bat te gemake/ Dan ic sal sijn bi eneger sake./ Ay Jhesus Kerst, heilechgeest oppenbare,/ Ende die also geluckech ware,/ Dat hi wiste die wonderlijchede/ Van uwer groter verhoelhede./ Ic hads meer gesien, sonder waen,/ En hadden mine sonden gedaen." (9903–12)

Lancelot se ervaring suggereer dit wat op spirituele vlak teenoor die Woeste Land gestel word, en soos wat ’n hermiet in die uitleg van Gawain se droom die weivelde van geduld en nederigheid teenoor die Woeste Land stel, sien ons ook in die res van die roman hoe ’n duideliker beeld van die teenpool ontvou.

So byvoorbeeld word daar tydens die uitleg van die betekenis van die toernooi tussen die swart en wit ridders vir Lancelot gesê: “Then it was that the just men took you by the rein, the hermits and religious who set your feet upon the path of Jesus Christ, which quickens with life and greenness like the forest” (159). Die pad van Christus – groen en vol lewe – is dus duidelik die teenoorgestelde van die Woeste Land, waar barheid en droogte hoogty vier.

Ook die vergelyking van Christus met die son wat die ysigheid van die vyand verdryf (132), skakel met hierdie beeld.

Nog 'n verbandhoudende beeld wat teenoor die Woeste Land opgestel word, is die vergelyking van die Heilige Graal met 'n standhoudende, wonderbaarlike fontein:

The waters of this spring will never fail, however deep the draughts one draws from it: it is the Holy Grail, the grace of the Holy Ghost. This spring is the gentle rain, the Gospel's dulcet words, from which the heart of the penitent derives such sweet refreshment that the more he savours it the greater is his craving: it is the grace of the Holy Grail. For the more amply and abundantly it flows, the more remains, which is why it must properly be likened to a spring. (172–3)

Die fontein es van selker nature,/ Menne machse te gere ure/ Ute gesceppen al hare vloet,/ Hoe vele datmer ane doet./ Dese fontein machmen wale/ Betekenen biden heiligen grale. (6305–10)

'n Verdere beskrywing van die pool wat teenoor die Woeste Land gestel word, vind ons in Lancelot se droom wanneer die hemelse boodskapper vir die twee ridders en die sewe konings sê: “My mansion is made ready for you all: enter into the joy that has no end” (148). Teenoor die Woeste Land word dus hier oneindige geluk gestel.

Die wyse waarop hierdie geluk bereik kan word, word gesuggereer in die boodskap aan die jongste ridder: “Beloved son, now canst thou range over all the world and soar above the ranks of chivalry” (148). Om hierdie geluk te bereik en die spirituele Woeste Land te verlaat, moet die hoofse ridderskap dus getransendeer word ten gunste van 'n godsdienstige ridderskap.

Een van die wyses waarop die mag van hierdie godsdienstige ridderskap na vore tree, is die wyse waarop die teken van die kruis dikwels die godsdienstige ridders uit geestelike verknorsings red. Dit wil lyk asof die teken van die kruis die versoeking of dergelike uitdaging letterlik en figuurlik verban na 'n Woeste Land van waar dit nie kan terugkeer nie. So verdwyn die perd wat Perceval van die vyand (in die gedaante van 'n vrou) ontvang het wanneer hy onraad vermoed en die teken van die kruis maak (112–3). Dieselfde gebeur met die tent waarin die vyand hom probeer verlei (129). Ook Bors word op hierdie manier gered wanneer hy deur 'n valse priester en 'n jong meisie belieg word: hy maak die teken van die kruis, en die kasteel met die inwoners verdwyn (191).

Dit is moontlik hierdie selfde Woeste Land waarheen die karakters wat vooruitbestemde stoele, swaarde en skepe vir hulleself wil toe-eien, verban word. So byvoorbeeld verdwyn een van die broers van Josephus wat op die stoel wat vir laasgenoemde bestem was, gaan sit het: “[T]he two brothers disputed his right and one of them sat there himself in view of the whole assembly. At once, by a miracle, the earth swallowed up the usurper” (98). 'n Soortgelyke lot tref koning Varlan. Hy neem die swaard wat vir die Goeie Ridder bestem was en vermoor koning Lambar. Oor hierdie eerste slag met die swaard in die koninkryk van Logres word gesê:

It unleashed such wrack and ruin on both the countries that never again did the land requite the ploughman's toil, for no corn sprouted there, nor any other crop, nor did the trees bear fruit, and there was a dearth of fish in pond and stream. This is why the land of these two

kingdoms was called the Waste Land, seeing that it had been laid to waste by this terrible blow. (216)

Dat was di irste slach, sijt seker das,/ Die mettesen swerde geslagen was,/ Daerbi beide die conincriken/ Gedestruert waren jamberliken,/ Datter noit sint coren in wies,/ No boem vrocht droech, sijt seker dies;/ Ende datmer noit sint vische ne vant:/ Ende daer bi heetment woeste lant. (8061–8)

Koning Varlan gaan terug na die skip om ook die swaard se skede te gaan haal en sy einde word soos volg beskryf: "So, returning to the ship, he stepped inside and slid the blade back into the sheath; no sooner had he done so than he fell down dead beside the bed" (216).

Dit blyk dus dat daar op hierdie wyse verseker word dat die avonture rondom die Heilige Graal vir die uitverkore godsdienstige ridders gereserveer word. Diegene wat op soek is na blote aardse avonture, word na die Woeste Land verban.

Vervolgens sal die avontuurloosheid van die hoofse ridders se soektog en die metatekstuele implikasies daarvan bespreek word.

7. Aardse avontuurloosheid en die metatekstuele implikasies daarvan

Vir die ridders is die grootste misterie rondom die soektog na die graal die avontuurloosheid wat hulle almal skynbaar te beurt val:

Now the story relates that when Sir Gawain took leave of his companions he rode for many a day both near and far without meeting with any adventure worth setting down in story. His companions fared no better, for they met with ten times fewer adventures than was usual; this was indeed the aspect of the Quest which irked them most [...] having expected the Quest of the Holy Grail to furnish a prompter crop of strange and arduous adventures than any other emprise. (162)

Nu gewaget daventure das,/ Als min her Walewein versceden was/ Van sinen gesellen, dat hi daer nare/ Mengen dach reet harentare/ Sonder te vinden aventure,/ Die te versecgene es nu ter ure;/ Ende sine gesellen ne vonden/ En gene aventure tien stonden/ Nigieren nu alsoe vele/ Alsi plagen ten tienden dele;/ Ende hen vernoide daer omme meer/ Die queste dan si dede noit eer. (5803–14)

Gawain ontmoet vir Hector, wat dieselfde klagte het, en laasgenoemde vertel van meer as twintig ridders wat hy teëgekom het wat met dieselfde probleem sukkel (162). Aan Gawain en Hector verduidelik 'n hermiet hierdie avontuurloosheid op die volgende manier:

The adventures that you are now to seek concern the nature and manifestations of the Holy Grail; these signs will never appear to sinners of men sunk deep in guilt, and never therefore to you, for you are most heinous sinners. Do not imagine moreover that the adventures now afoot consist in the murder of men or the slaying of knights; they are of a spiritual order, higher in every way and much more worth. (174)

Die aventuren, die gescien nu/ Sijn betekenessen, seegic u,/ Van den heiligen grale, twaren,/ Die hen nine willen oppenbaren/ Liedien die licgen in sonden:/ Sone selen si u nu ten stonden,/ Die sijt ongetrouwe sondaren./ Entie aventuren die hem nu baren,/ Ne hebt dat

niet in uwen wane,/ Dat si sijn van lieden doet te slane;/ Maer si sijn van geesteliken saken,/ Die beter sijn ende bat smaken. (6359–70)

Wat dus binne die ridders se konteks die ergste Woeste Land moet wees – 'n land sonder avonture – is die gevolg van die geestelike Woeste Land waarin hulle verkeer.

Teenoor die avontuurloosheid van die gewone ridders word onder andere Galahad se soektog na die graal gestel:

Now the story relates that when the Good Knight left Perceval, after rescuing him from the twenty knights who had set upon him, he took the wide road that runs through the Waste Forest, and spent many days roving now this way, now that at the beck of chance. He met there with many adventures, which he brought to an end, and which the story passes over, forasmuch as it would be too great a task to relate them one by one. (207)

Daventure telt hier ter steden,/ Alse Galaat was gesceden/ Van Perchevale al daer hine doe/ Bescudde van groter pinen toe,/ Ende oec vander ongenaden/ Die hem die XX ridders daden,/ Hi wandelde menege dachvaerd,/ Alse nu vort nu achterwaerd,/ Ende vant vele aventuren,/ Daer niet af spreke nu ter uren. (7723–32)

In hierdie passasie kan dus gesien word dat Galahad 'n avontuurgevulde soektog beleef. Wat egter veral opval in die passasie, is nie die avonture self nie (dit is immers te veel om op te noem), maar die feit dat hy dit alles tot 'n einde bring (“many adventures, which he brought to an end”). Die ridderskap waarvan Galahad verteenwoordiger is, is dus nie ingestel op avonture nie, maar juis op die oplossing en beëindiging daarvan. Sy rol as beëindiger van avonture is dan ook voorspel en word deur koning Artur verwoord wanneer hy hom aanspreek: “[F]or this is the purpose for which God sent you to us: to consummate what others have had to renounce, and to bring to conclusion all those things that no other was ever able to resolve” (40). Waarna die koning hier verwys, is heel waarskynlik die avonture van die Heilige Graal (vgl. sy uitspraak op bl. 37).⁸ Een van die koningin se dames voer dit egter verder wanneer sy sê: “This feat proves him the one who shall bring the adventures of Britain to their close and restore the Maimed King to health” (39). Dit gaan dus in laasgenoemde uitspraak ook om die avonture van Brittanje – nie net dié van die Heilige Graal nie.

Op 'n metatekstuele vlak kan Galahad se rol as ridder betekenisvol geïnterpreteer word. Dit is immers duidelik dat die verteller van die verhaal geen agting het vir aardse ridderlike avonture nie – inteendeel. In die figuur van Galahad bring hy daarom die avonture tot 'n einde. Hy doen egter meer as dit: met die suksesvolle voltooiing van die soektog na die graal (en dus ook 'n beëindiging van die avonture van die Heilige Graal), skryf hy 'n doodsbrief vir die Arturiaanse roman. Dit blyk dan ook dat dit hierin nie soseer vir hom gaan oor die skryf van 'n bevredigende einde nie. Wat na vore tree, is 'n spesifieke perspektief op die genre en die doel van so 'n teks. In haar inleiding skryf Matarasso (1969:14): “As it happens this is no esoteric work. The author’s chief purpose being to edify and instruct and the delights of story-telling being but a means to that end [...]”. Laasgenoemde siening van die roman as teks met die doel om te onderrig en te leer kan telkens gesien word in die uitleg van drome en die leiding wat deur religieuse gesante gegee word. Dit kan ook gesien word in 'n uitspraak oor die Verminkte Koning: “[O]ur Lord for love of him performed in after days many notable miracles, which are not mentioned in this story since they are not essential to its purpose” (277). Daar word dus uitdruklik gesê dat daar 'n spesifieke doel met hierdie teks is en dat daar nie om enige rede daarvan afgewyk sal word nie. 'n Mens sou kon

sê dat hierdie doel in die eerste plek is om geestelik te rig en te onderrig; in die tweede plek om die einde te verseker van 'n genre wat tradisioneel ingestel is op aardse plesiertjies, of hoogstens op die oordrag van hoofse waardes.

Hoe pas *Queste* in hierdie opsig in binne die Arturiaanse genre? Die oorlewering van die Artur-legende kan teruggespoor word na die Britse Kelte (uit Wallis, Cornwall en Bretagne), binne wie se kultuur mondelinge vertelling sentraal gestaan het. Die Artur-figuur simboliseer blykbaar vir hulle 'n goue era van heroïek en grootsheid. Teen 1135 is die hele suidelike helfte van Wallis direk of indirek onder Normandiese bestuur. Die Artur-verhale dien dus as herinnering aan wat moontlik is, troos oor politieke teleurstelling en ontsnapping aan die werklikheid van verdrukking (Draak 1979:54–5). Wanneer die Artur-verhale gewild raak onder die Normandiese adel en van die hof in Londen ook na die Franse howe versprei, is dit nie om politieke redes nie. Dit word gesien as plesierige, opbouwende en leersame verhale (Draak 1979:55). Die leersaamheid is onder andere daarin geleë dat die helde as voorbeelde dien in die uitlewing van hoofse karaktereienskappe, byvoorbeeld selfbeheersing, minsaamheid, hulpvaardigheid en vrygewigheid. Die hoofse ridderroman se funksie is om “spiegels van hoofseid” te wees (Janssens 1985:13).

Le Conte du Graal het reeds van hierdie funksie begin afwyk. Die hoofse ideologie en wêreld word as ontoereikend uitgebeeld. Hierteenoor word 'n religieuse ridderskap gestel wat volgens Zemel (1996:304) vooruitwys na die einde van die Artur-roman. Hierdie religieuse ridderskap word in fyner besonderhede uitgewerk in *Queste*. Janssens (1985:41) wys op die talryke sinspelings op die Cisterciënse spiritualiteit wat in die roman voorkom. Daar is onder andere die “witte monniken” (verwysend na die orde van Cîteaux, teenoor die swart Benediktynorde van Cluny) en die asketiese leefgewoontes en boetepraktieke wat na die ordereëls van die Cisterciënsers verwys. In *Queste* het ons te make met 'n radikale ommekeer van hoofse ridderlike waardes: die oorwinning in die doodmaak van 'n teenstander word veroordeel; die ridderlike glorie word tot ydele glorie gemaak; die uitvoerige feesmaal word vervang met asketisme (Janssens 1985:43). Die graal is ook nie bloot 'n “queeste-object” nie, maar word teken van God se misterieuse teenwoordigheid en passie: dit verwys na die Lydensgebeure en die instelling van die Nagmaal en die transsubstansiasie (Janssens 1985:45). Die graalheld, Galahad, wat nie net die graal aanskou nie, maar as gevolg daarvan in die hemel opgeneem word, dien as voorbeeld van godsdienstige ridderskap. Sy naam kan teruggespoor word na Genesis, waar Jakob 'n hoop klippe pak as teken van 'n verbond tussen hom en Laban. Hy noem dit Galaad (Gal-Ed, Gilad) (Gen. 31:46–52). Op 'n verwysing na die Giladsberg in Hooglied 4:1 lewer 'n Cisterciënser-ab kommentaar en herinner aan die feit dat Galaad in Genesis “een hoop van getuigenis” beteken. (Janssens 1985:44) Soos wat Galahad getuig van 'n noue verbond met Christus, so kan *Queste* gesien word as 'n getuigenis vir die uitkoms van godsdienstige ridderskap.

Die doel van die roman is egter nie bloot om onderrig te verskaf in die transendering van 'n hoofse lewe nie. In *Queste* word die suggestie van die einde van alle ridderlike avonture wat in *Le Conte du Graal* gevind word, tot die uiterste gevoer. In die roman self word dit gedoen deur die geestelike Woeste Land waarin die hoofse ridders hulle bevind, parallel te laat loop met die afwesigheid van aardse avonture. Verder word dit uitdruklik gestel dat Galahad 'n einde aan Brittanje se avonture sal bring. Hieronder kan die Arturiaanse roman nie voortgaan nie. *Queste* as roman moet as voorbeeld dien: só is literatuur veronderstel om sigself na inhoud en doelstelling te rig. Binne die versameling *Lancelot-en-prose* volg *Mort le Roi Artu* op *Queste* en met die dood van Artur word die einde van die genre in 'n sekere opsig skynbaar voltrek (vergelyk Zemel 1996:304).

8. Gefnuik: Die aardse avontuur en Artur-roman leef voort

Dit is egter 'n skyndood. Benewens die talle ridderromans wat ná *Queste* geskryf is, was dit die samesteller van die Middelnederlandse *Lancelotcompilatie* wat op die mees eksplisiete wyse die skrywer van *Queste* in sy doel gefnuik het. Ten spyte van die skynbare teenstrydighede waartoe uitsprake oor die “einde van avontuur” in *Questesou* kon lei, het die samesteller sy bewerking, *Queeste vanden Grale*, slegs die vierde van die tien romans in die *Lancelotcompilatie* gemaak. Met hierdie plasing maak hy seker dat die vind van die Heilige Graal nie 'n einde bring aan die hoofse ridders se avonture nie. Inteendeel, *Walewein* (Gawain) – onder andere as hoofkarakter in *Walewein ende Keye* – beleef nog vele avonture nadat hy die dorre dale van *Queste* / *Queeste vanden Grale* oorleef het.

Janssens (1985:47) maak die volgende bevinding oor *Queeste vanden Grale* as vertaling:

De onbekende vertaler heeft de complexiteit van het werk niet begrepen; meestal bekort hij drastisch (vaak onoordeelkundig), vooral m.b.t. doctrinaire kwesties, en behoudt vaak enkel de feiten, de plot. De meest ontroerende dimensie van de *Queste del Saint Graal*, de diepe religieuze overtuiging en het psychologisch inzicht in het menselijk handelen, heeft hij bewust of onbewust weggewerkt. De boeiende Franse prozaroman is onder zijn hand tot een vrij mat, moraliserend traktaat geworden.

'n Mens sien iets hiervan in sommige van die blokaanhalings uit die tekste in afd. 6 van hierdie artikel. In 'n waarskuwing om nie 'n gevaarlike pad te vat nie, staan daar in die Engelse teks: “[N]one should take it unless of uncommon valour, that is to say unless he stood so grounded in the love of Christ that no adventure could tempt him into sin” (70). In *Queeste vanden Grale* word die geestelike aspek weggelaat en word die waarskuwing beperk tot: “Dat nieman dien wech gaen ne soude,/ Hi ne ware beter dan een ander man” (2076–7). 'n Meer uitgebreide voorbeeld is Lancelot se besoek aan 'n hermiet. In Matarasso (1969) se *The Quest of the Holy Grail* beslaan die besoek meer as agt bladsye (87–94, 134–5), en dit bevat 'n hele paar Bybelse verwysings en metafore, byvoorbeeld die gelykenis van die talente wat vermeerder is en die onvrugbare vyboom, asook die verhaal van Moses wat water uit 'n rots laat vloei het. Verder bieg Lancelot by die hermiet oor sy verhouding met die koningin en hy kry insig in en sweer sy sondige lewe af. In *Queeste vanden Grale* word hierdie deel beperk tot 72 versreëls (4612–84). Daar word wel verwys na aardse en hemelse ridderskap en hoe dit die soektog na die Heilige Graal beïnvloed, maar dit word gedoen op gesag van Merlyn (4652) – daar is geen Bybelse verwysings nie. Verder word Lancelot se belydenis en inkering soos volg opgesom: “Lancelote bequamen wel die worde/ Die hi vanden goden man horde/ Ende hilt over goet gelucke daer naer/ Dattene Onse Here hadde gebracht daer,/ Ende hoepte dat hi van desen/ Al sijn lijf te beter soude wesen” (4673–8).

Alhoewel dit toegeskryf kan word aan onbegrip aan die kant van die vertaler, maak 'n vervlakking van die godsdienstige dimensie wat in die oorspronklike teks neerslag gevind het, binne die groter geheel van die *Lancelotcompilatie* sin. Die soektog na avontuur moet immers in die res van die versameling voortgaan en die uiteindelijke doel is nie godsdienstige ridderskap of 'n veroordeling van die hoofse ridderroman nie. Dit stem ooreen met Matarasso (1969:28) se bevinding oor Malory se vertaling en verwerking van *Queste del Saint Graal* in sy Middelengelse *The Tale of the Sangreal*. Matarasso wys daarop dat Malory ook die hermiet se gesprekke verkort en die leerstellinge ondergeskik aan die verhaal stel. Verder was die *Queste* se veroordeling van hoofse ridderskap teenstrydig met Malory se siening van die ridderlike ideaal (Matarasso 1969:28).

Die vervlakking van die geestelike dimensie in *Queeste vanden Grale* is nie die enigste wyse waarop daar binne die *Lancelotcompilatie* van die ideale doel van literatuur – soos deur *Queste* daargestel – afgewyk word nie. In *Arturs doet* word daar betekenisvolle veranderinge aan die oorspronklike Oudfranse *Mort Artu* aangebring. Mordret – Artur se buite-egtelike seun – verrai sy vader en in laasgenoemde roman span hy saam met die Iere, Saksers en Skotte. In *Arturs doet* word daar twee maal verwys na Mordret se samesweerders as Saksers, Skotte en Friese. Van Oostrom (1992:63) wys daarop dat dit lyk asof Van Velthem hierdie geleentheid gebruik om sy opdraggewer te vlei: indien die Hollandse vyande, die Friese, aan die kant van die verraderlike Mordret was, was die Voornse party (Gerard van Voorne was die opdraggewer) tog per implikasie aan die kant van Artur se luisterryke monargie. Hier is dus sprake van politieke ondertone.

Van Oostrom (2013:57), wat, soos reeds aangedui, die *Lancelotcompilatie* as produk van Van Velthem se skrywerskap aandui, sê dat beide die voltooiing van die *Graal-Merlijn* én Van Velthem se arbeid aan die *Lancelotcompilatie* “een kolfje naar zijn hand zijn geweest”: Hy was blykbaar ’n groot bewonderaar van koning Artur. Dat dit vir Van Velthem – ’n opgeleide priester – ook oor die plesierigheid van die werk(e) gegaan het, is dus nie uitgesluit nie.

9. Slot: Eeue lange soektog na ’n beker wat oorloop van interpretasies

Nadat die drie suksesvolle ridders die wonder van die Heilige Graal aanskou en ervaar het, word dié voorreg volgende geslagte soekers ontnem. In *Queste* word dit toegeskryf aan die feit dat die inwoners van Logres nie aan die Heilige Graal die eer gee wat dit toekom nie: “They have lapsed into dissolute and worldly ways, despite the fact that they have ever been sustained by the grace of the Holy Vessel” (277). Hierdie verduideliking verskyn nie in *Queeste vanden Grale* nie. Die verdwyning word egter op soortgelyke wyse oorgedra:

A great marvel followed immediately on Galahad’s death: the two remaining companions saw quite plainly a hand come down from heaven, but not the body it belonged to. It proceeded straight to the Holy Vessel and took both it and the lance, and carried them up to heaven, to the end that no man since has ever dared to say he saw the Holy Grail. (284)

Ende alte hant na dien/ Sagen si daer groet wonder gescien,/ Want die twee gesellen sagen thant/ Oppenbaerlike comen ene hant/ Van boven, maer sine sagen niet doe/ Den lichame daer si behorde toe;/ Ende si nam dat heilige vat ter vard/ Ende droecht met hare ten hemele ward./ Noit was man soe cone na dien,/ Die seide dat hijt hadde gesien. (11005–14)

Die samesteller van die *Lancelotcompilatie* was maar net een van diegene wat nie bereid was om ’n goeie storie vroegtydig te laat eindig nie. Soos wat hy in sy hantering van die ridderroman nie na die voorskrifte van *Queste* se skrywer geluister het nie, so het latere denkers, skrywers en filmmakers nie toegelaat dat die hemel die ewige woning van die graal word nie.

Die bekoring van die graal is steeds met ons, al doen diegene wat die graalmotief of graalstorie gebruik dit met verskillende agendas. John Marino, in sy boek *The grail legend in modern literature*, verwys onder andere na twee films wat heel waarskynlik in die populêre geheue uitstaan in terme van die graal. Hy wys daarop dat die graalmite in *Monty Python and the Holy Grail* (1975) gebruik word met die volgende doel: “[T]o incriminate modernity’s

ranting political demagogues” (Marino 2004:8). Hierteenoor word die graal in *Indiana Jones and the last crusade* (1989) simbool van, en middel tot, selfverwerkliking (Marino 2004:9).

Oorhoofs gesien, identifiseer Marino (2004:13) ’n paar tendense in moderne verwerkings van en formele studies oor die graallegende: kontroversie oor die Christelike of paganistiese oorsprong; sekularisasie deur middel van skeptisisme en humanisme; esoteriese mistisisme. Hierdie tendense kan ’n proses vorm: relativisme en multikulturalisme beïnvloed die siening van die oorsprong van die legende; mitoloë bevestig die graal as metafoor se relevansie vir moderniteit; moderne aanpassings verander die graal om universeel toepaslik te wees in ’n post-Christelike kultuur; en moderne spiritualiteit neem die legende vir esoteriese doeleindes aan (Marino 2004:13). In die meeste van hierdie aanpassings en verwerkings vind ons, soos T.S. Eliot in sy “The Waste Land”,⁹ die potensiaal van die graalmitte om die mensdom se begeerte na betekenis uit te druk (vgl. Marino 2004:5).

’n Manifestasie van die mensdom se begeerte na ontsnapping deur middel van stories hoef nie verder as die woordspel tussen “San Greal” (Heilige Graal) en “Sang Real” (Heilige of koninklike bloed) gesoek te word nie. Matthews (2006:69) wys daarop dat so ’n verskuiwing van een letter na ’n volgende woord algemeen in handgeskrewe boeke was en lees daarin hoogstens ’n woordspel om die graal met die bloed van Christus te verbind. Dit word egter deur sommige hedendaagse skrywers as ’n verwysing na die heilige bloedlyn van Jesus en Maria Magdalena gelees. So word die soektog na die misterie van die graal met sensasie en samesweringsteorieë gevul, onder andere in *The Da Vinci Code* (2003).

Die talmende teenwoordigheid van die graalmitte dui op die potensiaal van hierdie geheimsinnige beker om, as plooibare simbool of kontroversiële relikwie, hedendaagse soektogte te dryf. Aan dorre streke was daar nog in geen eeu ’n tekort nie. En waar daar dorre streke is, daar leef die graalmitte skynbaar voort.

Bibliografie

Besamusca, B. 2000. The medieval Dutch Arthurian material. In Jackson en Ranawake (reds.) 2000.

Besamusca, B. (red.). 1999. *Jeesten van rouwen ende van feesten. Een bloemlezing uit de Lancelotcompilatie*. Hilversum: Uitgeverij Verloren.

Besamusca, B. en A. Postma (reds.). 1997. *Lanceloet. De Middelnederlandse vertaling van de Lancelot en proseovergeleverd in de Lancelotcompilatie. Pars I (vs. 1–5530, voorafgegaan door de verzen van het Brusselse fragment)*. Hilversum: Uitgeverij Verloren.

Bladerboeken: Middeleeuwse handschriften: Lancelot. Webwerf van die Koninklijke Bibliotheek, Nationale bibliotheek van Nederland. www.kb.nl (25 Julie 2013 geraadpleeg).

De Troyes, Chrétien. 1991a. *Arthurian Romances*. Vertaal deur W.W. Kibler. Londen: Penguin Books.

—. 1991b. The story of the grail. In De Troyes 1991a.

- Draak, M. 1977. *De Middelnederlandse vertalingen van de Proza-Lancelot*. Mededelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Afd. Letterkunde. Nieuwe Reeds, Deel 17, no. 7. Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij.
- . 1979. *Arthur en zijn tafelronde*. Den Haag: Uitgeverij Martinus Nijhoff.
- Jackson, W.H. en S.A. Ranawake (reds.). 2000. *The Arthur of the Germans*. Cardiff: University of Wales Press.
- Janssens, J.D. 1985. *Koning Artur in de Nederlanden: Middelnederlandse Artur- en Graalromans ingeleid en geannoteerd door J.D. Janssens*. Utrecht: Hes Uitgevers.
- Kibler, W. 1991. Introduction. In De Troyes 1991a.
- Klein, J.W. 1997. De handschriften: beschrijving en reconstructie. In Besamusca en Postma (reds.) 1997.
- Marino, J.B. 2004. *The grail legend in modern literature*. Cambridge: D.S. Brewer.
- Matarasso, P.M. 1969. *The Quest of the Holy Grail*. Londen: Penguin.
- Matthews, John. 2006. *The Grail. A secret history*. New York: Barron's.
- Queeste vanden Grale*.
Leesweergawe. http://www.kb.nl/bladerboek/lancelot/browse/index_1.html (10 Maart 2013 geraadpleeg).
- Van Oostrom, Frits. 1992. *Aanvaard dit werk: Over Middelnederlandse auteurs en hun publiek*. Amsterdam: Prometheus.
- . 2013. *Wereld in woorden: Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1300–1400*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Wood, J. 2000. The Holy Grail: From romance motif to modern genre. *Folklore*, 111:169–90.
- Zemel, R. 1996. Moriaen en Perceval in "Waste Land". *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*, 112(4):297–319.
- . 2009. Het literaire mysterie van de graal. Ongepubliceerde cursus. Vrije Universiteit van Amsterdam.

Eindnotas

¹ In *Queeste vanden Grale* word daar onder andere na die "woeste lant" en "dor wstinen" verwys. Ek hoop om die gevoelslading van en assosiasies wat met "Waste Land" gepaard gaan te behou deur hierdie woordkeuse en skryfwyse.

² Hierdie artikel is nie net relevant as gevolg van die konteks van die "Waste Land" in die graalromans wat dit bied nie; dit het ook in 'n groot mate my ontleding van *Queste del Saint Graal* beïnvloed.

³ Zemel verwys na onder andere die volgende bronne: E. Vinaver se “The Waste Land” (hoofstuk IV in *The rise of romance*, 1971) en R. Howard Bloch se “Wasteland and Round Table. The historical significance of myths of dearth and plenty in old French romance” in *New Literary History*, 11:225–76 (1980).

⁴ Sien Janssens (1985:22) vir ’n verduideliking van hierdie tendens.

⁵ Daar is al gesuggereer dat die Brusselse “Lanceloet”-fragment tot die verlore gegane eerste gedeelte van die *Lancelotcompilatie* behoort het, maar daar is kodikologiese elemente wat die voorstel weerspreek (Klein 1997:85). Klein (1997:85) verwys ook na ’n hipotese deur Van Oostrom dat die Brusselse “Lanceloet”-fragment en die Haagse “Lanceloet”-fragment oorblyfsels sou kon wees van ’n eksemplaar van die *Lancelotcompilatie* wat aan die opdraggewer, Gerard van Voorne, opgedra is.

⁶ Vervolgens sal slegs die bladsynommers gegee word wanneer daar na Matarasso (1969) oftewel *The Quest of the Holy Grail* verwys word.

⁷ Vervolgens sal slegs die versreëls gegee word wanneer daar na die berymings uit *Queeste vanden Grale* verwys word. By die verantwoording van die samestelling van die leesteks word die volgende bronverwysings op die Koninklijke Bibliotheek se webtuiste gegee:

Vse. 1–5800: Reindert van Eekelen en Willem Kuiper (reds.), *Die Queeste van den grale*. Ongepubliseerd.

Vse. 5801–11.160: W.J.A. Jonckbloet (red.), *Roman van Lancelot (XIIIe eeu). Naar het (eenig-bekende) handschrift der Koninklijke Bibliotheek, op gezag van het gouvernement uitgegeven*. Den Haag: Van Stockum, 1846–1849, dl. II, ble. 40–76. (Gebruikte weergawe: CD-rom Middelnederlands. Den Haag/Antwerpen: SDU, 1998.)

⁸ “If he [Galahad] be indeed the one for whom we have waited to bring to a close the adventures of the Holy Grail, no man has ever met with greater joy than he shall have of us” (37).

⁹ Eliot gee erkenning aan Jessie Weston se *From ritual to romance* (’n antropologiese interpretasie van die graalmitte) wat deels as inspirasie vir sy gedig gedien het (Zemel 1996:297).